



SCHOEMANSVILLE OEWERKLUB

58 Waterfrontstraat, Schoemansville, Hartbeespoort, 0216

Tel: 012 253 0587 (kantoor)

epos: info@oewerklub.co.za

KONSTITUSIE VAN DIE SCHOEMANSVILLE OEWERKLUB

(2017 hersiening goedgekeur op 19 September 2017)

AANHEF

Aangesien die Staat die deel van die Hartbeespoortdamoewer aangrensend aan Schoemansville per servituut gereserveer het vir die gebruik van Schoemansville grondeienaars wat vrye toegang tot die dam vir doeleindes van bootry en visvang geniet, het die eienaars die Oewerklub gestig om die oewergedeelte namens hulle te bestuur en wel soos volg:

1. NAAM

Die naam van die Klub is die Schoemansville Oewerklub, hierna genoem die Klub

2. DOELSTELLINGS

- 2.1 Om die Klubgebied en gepaardgaande fasiliteite te bestuur
- 2.2 Om die Oewerklub te bestuur as 'n nie-winsgewende vrywilliger-organisasie tot voordeel van die gemeenskap
- 2.3 Om nie-kommersiële bootry, hengel en aanverwante watersport te bevorder
- 2.4 Om gemeenskapsaktiwiteite te bevorder en aan te bied.

3. LIDMAATSKAP

Voorsiening word gemaak vir die volgende kategorië lidmaatskap

- 3.1 Eienaarlede. Dit is die eienaars van standplase in Schoemansville wie se reg van vrye toegang tot die dam vervat is in hulle titelaktes en op wie se servituutgebied die klub bedryf word.
- 3.2 Inwonerlede. Enige ander inwoner van dorpsgebiede van Hartbeespoort wat aan die dam grens.
- 3.3 Gastelidmaatskap kan deur die Bestuur van die Klub toegestaan word aan 'n persoon van buite die gebied met dien verstande dat die getal gastelede nooit meer as tien persent van die totale getal klublede mag wees nie.
- 3.4 Erelidmaatskap kan deur die Bestuur toegeken word aan lede vir besondere dienste gelewer aan die klub en moet op 'n ledevergadering bekragtig word.
- 3.5 Lidmaatskap sluit in die lid se direkte gesinslede wat by hom inwoon.
- 3.6 Inien 'n persoon vir meer as drie jaar lid van die klub is en dan verhuis uit die klub se werwingsgebied, behou hy die reg om lid te bly met dien verstande dat indien sy ledegeld agterstallig raak, hy nie meer op lidmaatskap geregtig is nie.



SCHOEMANSVILLE OEWERKLUB

58 Waterfrontstraat, Schoemansville, Hartbeespoort, 0216

Tel: 012 253 0587 (kantoor)

epos: info@oewerklub.co.za

3.7 **Affiliësie.** Die Bestuur sal gemagtig wees om aansoeke om affiliësie van die volgende nie-winsgewende organisasies uit die omgewing, te oorweeg en goed te keur:

- i. Kerke en skole
- ii. Liefdadigheidsorganisasies
- iii. Sportklubs en verenigings wat nie deur adverteerders geborg word nie
Sodanige liggame kan dan skriftelik aansoek doen om die Klub se fasiliteite op sekere voorwaardes te gebruik.

4. BESTUUR

Die Klub word bestuur deur 'n komitee soos volg:

4.1 Samestelling

4.1.1 Die Bestuur van die Klub al bestaan uit:

- a. Voorsitter
- b. Ondervoorsitter
- c. Sekretaris
- d. Tesourier
- e. Twee addisionele lede

4.1.2 Die Bestuur word op 'n algemene jaarvergadering verkies deur die lede uit die lede. Die Bestuur kan so veel addisionele lede koöpteer as wat nodig geag word.

4.2 Termyn

4.2.1 Die Bestuur van die Klub word verkies vir 'n termyn van een jaar met dien verstande dat vier van die verkose lede se termyn oorgedra sal word na die volgende jaar. Jaarliks tydens die algemene jaarvergadering sal twee Bestuurslede uittree en sal twee Bestuurslede verkies word. Die uittredende Bestuurslede is herkiesbaar.

4.2.2 Indien 'n vakature op die Bestuur ontstaan kan die Bestuur 'n lid van die Klub koöpteer om die vakature te vul.

4.3 Subkomitees

Die Bestuur kan na goedunke subkomitees aanstel om om te sien na belangegroepes, soos hengelaars, booteienaars en die breë gemeenskap. Hierdie subkomitees sal aan die Bestuurskomitee rapporteer.

5. REGTE EN PLIGTE

Van lede:

5.1 Lede is geregtig op alle voorregte wat die Klub bied, insluitende die gebruik van geriewe wat deur die Klub aangebring is en enige ander voorregte wat die Bestuur van tyd tot tyd kan beding.

5.2 Elke lid het een stem op vergaderings.



SCHOEMANSVILLE OEWERKLUB

58 Waterfrontstraat, Schoemansville, Hartbeespoort, 0216

Tel: 012 253 0587 (kantoor)

epos: info@oewerklub.co.za

- 5.3 Die lede van die Klub is nie aanspreeklik vir enige skulde wat deur die Bestuur aangegaan is nie en sal slegs aanspreeklik wees die betaling van hulle ledegeld.
- 5.4 Die Bestuur van die Klub het die reg om huishoudelike reëls vir die Klub uit te vaardig en te verander soos en wanneer nodig.
- 5.5 Lede het die reg om gaste op die Klubterrein te bring onderworpe aan die riglyne soos neergelê deur die Bestuur in die huishoudelike reëls van die Klub.
- 5.6 Alle lede betaal toetreegelde en jaarlikse ledegeld soos van tyd tot tyd deur die bestuur bepaal. Ere-lede en bestuurslede is vrygestel van ledegeld.

Van personeel:

- 5.7 Die Klubbestuurders is verantwoordelik vir die dag-tot-dag bestuur van die Klub en rapporteer regstreeks aan die Bestuurskomitee of die betrokke lid van die Bestuurskomitee.
- 5.8 Alle personeel van die Klub rapporteer regstreeks aan die Klubbestuurders.
- 5.9 Elke lid van die personeel is verantwoordelik vir die uitvoering van sy/haar pligte soos vervat in sy/haar pligtestaat.

6. VERGADERINGS

- 6.1 Die Klub vergader so dikwels as wat die Bestuur dit nodig ag, maar minstens een keer per jaar.
- 6.2 **Kworum:** Een derde van die stemgeregtigde lede vorm 'n kworum. In die geval van 'n behoorlik geadverteerde vergadering waar daar nie voldoende lede vir 'n kworum is nie, sal die teenwoordige lede na verstryking van vyftien minute geag 'n kworum te wees.
- 6.3 **Kennisgewing:** Kennisgewing van 'n vergadering geskied aan elke Klublid deur middel van 'n e-pos, SMS of landpos minstens sewe dae voor die vergadering aan die adres, e-posadres of selfoonnommer soos dit op die Klubregister verskyn. Dit is lede se plig om te verseker dat die Klub te alle tye van hulle besonderhede voorsien word van waar hulle bereik kan word.

7. DISSCIPLINE

- 7.1 Die lede van die Klub sal te alle tye die huishoudelike reëls soos neergelê deur die Bestuur eerbiedig.
- 7.2 Die Bestuur of 'n komitee wat vir daardie doel deur hom aangestel is, kan tugstappe doen teen lede in gevalle waar die huishoudelike reëls oortree word of lede hulle skuldig maak aan gedrag wat 'n verleentheid vir die Klub of tot nadeel van sy lede is.
- 7.3 Stappe wat gedoen kan word, sluit in die ontneming van een of meer voorregte tot tydelike of permanente ontneming van alle voorregte, insluitende die reg van toegang in die geval van 'n growwe oortreding. Met dien verstande dat titelhouers



SCHOEMANVILLE OEWERKLUB

58 Waterfrontstraat, Schoemansville, Hartbeespoort, 0216

Tel: 012 253 0587 (kantoor)

epos: info@oewerklub.co.za

slegs reg van toegang ontsê kan word nadat die aanbeveling deur 'n komitee van Eienaarlede bekragtig is.

8. FINANSIES

- 8.1 Ledegelde word op 'n algemene jaarvergadering bepaal en wysiging van ledegeld kan slegs gedoen word met 'n meerderheid van stemme.
- 8.2 Bankrekeninge moet in die naam van die Klub geopen word by erkende finansiële instellings. Tekenmagte met betrekking tot sodanige bankrekeninge sal van tyd tot tyd deur die Bestuur bepaal word.
- 8.3 Die Klub sal nie geregtig wees om oortrokke fasiliteite by enige finansiële instelling te bekom nie.
- 8.4 **Ouditeure:** Die Bestuur sal jaarliks 'n ouditeursfirma kies om die finansiële state van die Klub na te gaan en te audit.
- 8.5 Die Bestuur sal jaarliks sy geouditeere state aan die algemene jaarvergadering voorlê saam met 'n verslag van sy werksaamhede.
- 8.6 **Handelingsbevoegdheid:** Die Klub sal verteenwoordig word deur die voorsitter en sekretaris en/of sodanige ander Bestuurslede soos van tyd tot tyd deur die bestuur bepaal.
- 8.7 Die Klub se finansiële jaar sal begin op die eerste dag van Julie. Ledegeld is betaalbaar binne 90 dae vanaf die begin van 'n nuwe finansiële jaar.

9. ALGEMEEN

- 9.1 Die Klub funksioneer as 'n vrywillige organisasie sonder winsbejag gestig deur erfeienaars van Schoemansville wat titelreg van vrye toegang tot die Hartbeespoort dam geniet.
- 9.2 Indien die Schoemansville Oewerklub om welke rede ookal ontbind, sal al die bates van die Klub oorgedra word aan 'n instansie wat deur die lede aangewys word.
- 9.3 Enige wysings van die konstitusie van die Klub kan slegs gedoen word op 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering met 'n tweederde meerderheid stem van die lede teenwoordig, en met die instemming van eienaarlede.
- 9.4 **Besigheid op die terrein**
 - 9.4.1 Aangesien die klub 'n vrywilligerorganisasie sonder winbejag is, mag lede nie finansiële voordeel uit hulle lidmaatskap trek nie.
 - 9.4.2 Die Klub sal geregtig wees daarop om interne besigheid, soos 'n snoepwinkel, as 'n diens vir sy lede en besoekers te bedryf of om geleenthede ter stywing van fondse aan te bied.



SCHOEMANSVILLE OEWERKLUB

58 Waterfrontstraat, Schoemansville, Hartbeespoort, 0216

Tel: 012 253 0587 (kantoor)

epos: info@oewerklub.co.za

- 9.4.3 Diens- en liefdadigheidsorganisasies mag deur die Bestuur op 'n ad hoc basis toegelaat word om fondsinsamelings op die terrein te hou.
- 9.5 Die kantoor van die Klub is geleë te Waterfrontstraat 58, Schoemansville.
- 9.6 Afgesien van sy eie huishoudelike reëls is die Klub ook verantwoordelik vir die toepassing van die veiligheids- en ander regulasies wat van owerheidsweë bepaal word.
- 9.7 Die klub sal in al sy aktiwiteite en besluite die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika eerbiedig.